



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

MUSIEK V2

FEBRUARIE/MAART 2012

MEMORANDUM

PUNTE: 33

Hierdie memorandum bestaan uit 10 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Skryf jou antwoorde op hierdie vraestel.
4. Hierdie eksamen sal geskryf word terwyl kandidate na 'n CD luister.
5. Die musiekonderwyser van die sentrum moet die eksamen in die teenwoordigheid van die opsiener afneem.
6. Die laaste bladsy van hierdie vraestel is manuskrippapier wat vir rofwerk gebruik kan word. Die kandidaat mag die bladsy verwijder.

INSTRUKSIES AAN DIE PERSOON WAT MET DIE KLANKTOERUSTING WERK

1. Die instruksies vir die musiekonderwyser verskyn in raampies.
2. Elke musiekuittreksel (snit) moet die vereiste aantal kere, soos op die vraestel gespesifiseer, gespeel word. Laat genoeg tyd tussen herhaalde snitte om kandidate toe te laat om hulle antwoorde neer te skryf voordat die volgende snit gespeel word.
3. Die nommer van die snit moet elke keer duidelik aangekondig word voordat dit gespeel word.
4. 'n CD-speler wat met batterye werk, moet beskikbaar wees in geval van 'n kragonderbreking.

NASIENROOSTER

	VRAAG	TOTAAL	NASIENER	MODERATOR
AFDELING A	1	2		
	2	6		
	SUBTOTAAL	8		
AFDELING B	3	4		
	4	3		
	5	5		
	6	3		
	SUBTOTAAL	15		
	7	10		
AFDELING C	SUBTOTAAL	10		
	GROOTTOTAAL	33		

AFDELING A: GEHOOR**VRAAG 1**

1.1 Snit 1 sal VIER keer gespeel word.

Maak 'n kruisie (X) in die blokkie langs die melodie wat met die fluitmelodie in die opname ooreenstem.

1.1.1



5



1.1.2



5



1.1.3



5



(1)

1.2 Snit 1 sal EEN keer gespeel word.

Luister na die musiek.

Maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie om die musiekmiddel wat in hierdie uittreksel aan die einde van elke frase gebruik word, aan te dui.

Deurgangsnoot	Terughouding	Sekwens	Sinkopasie
			X

(1)
[2]

VRAAG 2

Lees en bestudeer die vrae.

Snit 2 sal EEN keer gespeel word.

(a)

5 (b)

9

13

2.1

Snit 3 sal VIER keer gespeel word.

Luister na die musiek van maat 1–4² en skryf die ontbrekende note by (a) op die musiekpartituur in.

Antwoord:

(a)

Alternatiewe antwoord

1 punt per pols ($\frac{1}{2}$ vir ritme en $\frac{1}{2}$ vir toonhoogte) $\times 3 = 3$.

(3)

2.2

Snit 4 en Snit 5 sal TWEE keer na mekaar gespeel word.

Luister na Snit 4 (maat 1–2) en Snit 5 (maat 9–10) en noem EEN verskil wat jy in maat 9 hoor.

Antwoord:

Ritmiese en melodiese variasie/versiering

Enige EEN verskil = 1 punt

(1)

2.3

Snit 6 sal TWEE keer gespeel word.

Watter musiekmiddele word by (a) en (b) gebruik?

Antwoord:

(a) Melodiese sekwens/twee-nootfrase (*Enige EEN*) = 1 punt

(1)

(b) Herhaling = 1 punt

(1)

Volledige partituur

The musical score consists of four staves of music in G major (two sharps) and common time (indicated by '3'). Staff 1 (measures 1-2) shows a melodic sequence. Staff 2 (measures 5-6) shows a melodic sequence. Staff 3 (measures 9-10) shows two melodic sequences side-by-side, with a bracket above them indicating they are being compared. Staff 4 (measures 12-13) shows two melodic sequences side-by-side, with a bracket above them indicating they are being compared.

[6]

TOTAAL AFDELING A: 8

AFDELING B: HERKENNING VAN MUSIEKKONSEPTE**VRAAG 3**

Lees en bestudeer die vrae vir EEN minuut.

Snit 7 sal TWEE keer gespeel word.

- 3.1 Watter tipe ensemble hoor jy?

Antwoord: Slagwerk-ensemble

(1)

- 3.2 Dui al die ritmiese kenmerke wat op hierdie werk van toepassing is aan deur 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkies te maak.

Antwoord: DRIE korrekte antwoorde = 3 punte

Kenmerke	
Sinkopasie	X
Rubato	
Herhaling van kort ritmiese figure	X
Tempo verander	
Poliritme	X

(3)

[4]

VRAAG 4

Snit 8 sal TWEE keer gespeel word.

- 4.1 Met watter musikale genre word hierdie werk geassosieer?

Answer: any ONE = 1 mark

South African choral work/Traditional South African choral work/
African choral work/choral work

(1)

- 4.2 Watter van die terme hieronder word met hierdie werk geassosieer? Kies TWEE terme en maak 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkies.

Antwoord: enige korrekte TWEE = 2 punte

Vraag en antwoord	X
SATB	X
SSA	
Monofoniese tekstuur	

(2)

[3]

VRAAG 5

5.1 Snit 9 sal TWEE keer gespeel word.

Identifiseer die vrouestemtipe en noem DRIE prominente kenmerke van die vokale lyn.

Antwoord:

Stemtipe: sopraan = 1 punt

Kenmerke: enige DRIE = 3 punte

- Liriese melodie
- Melodiese toonhoogte omvat 'n wye omvang
- Vibrato word gebruik
- Sangeres maak gebruik van ritmiese vryheid
- Ryk of warm toonkleur
- Kontras tussen die twee seksies
- Sterk emosie/uitdrukking
- Melismas
- Dramaties

(4)

5.2 Snit 10 sal EEN keer gespeel word.

Watter blaasinstrument (aërofoon) speel 'n belangrike rol in hierdie musiek?

Antwoord:

Penniefluit (*fluit/piccolo is nie aanvaarbaar nie*)

(1)

[5]

VRAAG 6

Lees en bestudeer die vraag vir EEN minuut.

Snit 11 sal TWEE keer gespeel word.

Dui al die kenmerke wat op hierdie werk betrekking het aan deur 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkies te maak.

Fluit speel melodie	
Begin met klavier en simbaal	X
Die tema word deur die klavier bevestig en dan met die saxofon herhaal	X
Klarinet-improvisasie	
Saxofonmelodie met bas, tromme en klavierbegeleiding	X
4/4-tydmaatteken	

[3]

TOTAAL AFDELING B: 15

Blaai om asseblief

AFDELING C: VORMLEER

VRAAG 7

Lees en bestudeer die vrae vir TWEE minute.

Snit 12 sal EEN keer gespeel word.

Luister na die musiekuittreksel terwyl jy die partituur volg. Slegs die melodielyn is gegee. Let op die herhalingstekens in die partituur.

Hungarian Dance No. 5

Brahms

Brahms

A Allegro

The sheet music consists of ten staves of musical notation for piano. The key signature is one flat, and the time signature is mostly common time (indicated by '2'). The dynamics and performance instructions include:

- Staff 1: Dynamics **f**, Measure 1.
- Staff 2: Measure 9, dynamic **p**.
- Staff 3: Measure 15, dynamic **<sf**.
- Staff 4: Measure 22, dynamic **f**.
- Staff 5: Measure 29, dynamic **<sf**.
- Staff 6: Measure 33, dynamic **f marcato**.
- Staff 7: Measure 39, dynamic **p poco rit.**.
- Staff 8: Measure 44, dynamic **f in tempo**.

B

49

55

A

63 Tempo primo

69 *f*

75 *p* *sforzando*

79

86 *poco rit.* *f*

92 *f in tempo* *f*

7.1 Identifiseer die vorm van die werk.

Antwoord: Drieledige vorm/Saamgestelde Drieledige vorm

(1)

Wat is die toonsoortverwantskap tussen Seksie A en Seksie B?

Antwoord:

- Die toonsoort van Seksie B (G majeur) is die tonika-majeurtoonsoort van Seksie A (G mineur)
- Parallelle toonsoort (G majeur/G mineur)
- Beide het dieselfde tonikanoot.

(1)

- 7.3 Gee TWEE Italiaanse musiekterme om die kontras in stemming in Seksie B te beskryf.

Antwoord: 1 punt elk.

Energico/vivace/allegro, ens.

Grave/largo/mesto/doloroso, ens.

Enige geskikte term sal aanvaar word, afhangende daarvan dat dit stemming en nie tempo aanduidings is nie.

(2)

Snit 13 (maat 1–48) sal TWEE keer gespeel word.

- 7.4 Die eerste A seksie van hierdie werk bestaan uit twee hoofsubseksies. Skryf die maatnommers van hierdie subseksies in die spasie hieronder.

Antwoord: EEN punt elk = 2 punte

Subseksie a: maat 1–32

Subseksie b: maat 33–48

(2)

- 7.5 Vergelyk maat 1–16 met maat 17–32. Noem TWEE maniere waarop maat 17–32 van maat 1–16 verskil. Noem die toepaslike maatnommers in jou antwoord.

Antwoord: EEN punt elk = 2 punte

- Maat 17–24 klink 'n oktaaf hoër as maat 1–8
- Maat 25 is 'n variasie van maat 9

(2)

Snit 14 (maat 55–62) sal EEN keer gespeel word.

- 7.6 Skryf geskikte tempo-aanduidings vir die volgende mate neer:

Antwoord: 1 punt elk

Maat 55 *meno mosso* OF 'n bietjie stadiger

Maat 57 *a tempo* OF oorspronklike tempo OF vinniger

(2)

[10]

TOTAAL AFDELING C: 10
GROOTTOTAAL: 33